**_Gemeentelede se herinneringe_**
**_Ina Prinsloo_**

My man is in 1973 oorlede. Ek het in Hluhluwe gebly. My twee seuns was daar op skool. Omdat Kobus naby hoërskool ouderdom was, het ek besluit om te trek na waar daar ‘n skool was sodat hy uit die huis kon skoolgaan. In 1978 het ek hier ingetrek. Kobus was in st 5 en Herman in gr 2.

Ons kerkdienste was in Margate se stadsaal gehou. (Die stadsaal is later gesloop). Ds Petra de Klerk was ons predikant. Tannie Susan Wandrag het die klavier gespeel. As ons party Sondae vir kerk opdaag, moes ons eers opruim. Drankbottels weggooi, ens. veral as daar ‘n troue was.

Daar was nie kombuisgeriewe nie. Ons moes elkeen ‘n mandjie met ‘n fles en koppies bring om so tee en koffie te drink. Tant Lena de Klerk het altyd koeldrank en glasies vir die kinders gebring. As jy ‘n Sondag gemis het, was die ouderling Maandagmiddag daar om te hoor waar jy was!

Die Hervormde Kerk se gebou was later beskikbaar vir aanddienste. Toe die NG Kerk Port Shepstone ‘n nuwe kerkgebou gebou het, was die huidige kerkgebou in die mark. Na baie verskille en onenigheid en baie vergaderings is die kerkgebou uiteindelik gekoop. Toe was daar ‘n diens op Port Shepstone.

Ds Louis van der Walt het Bybelstudie gehou vir die Port Shepstone lidmate. Sondagmiddae is by verskeie huise samesang gehou. Almal het lekker saam gesing. Baie gemeentebyeenkomste, kampe, Sondag-skoolpieknieks, ens. is deur die hele gemeente bygewoon.

**Staaltjie**
*Ds Petra de Klerk was een Sondag baie kwaad oor al die nuwe slegte gebruike. Hy het gesê: Wat beteken Valenstyndag waar agter almal aan hardloop? Wat is Vaaltyndag? Vaaltyn is ‘n donkie. So julle vier donkiedag!*

# Gereformeerde Kerk Suidkus

# 50 Jaar

## 02 Julie 1972 - 02 Julie 2022




05 Junie 2022

***Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.***

***Efesiërs 1: 6***

## *Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Suidkus*

Voor 1972 was die huidige Suidkus-gemeente (eers genoem Margate) 'n wyk van Durban en dienste het in die ou stadsaal van Margate plaasgevind. Van die ouer garde dink met nostalgie terug aan die bywoning van hierdie dienste gedurende vakansies.


Op 2 Julie 1972 het ds. Dries du Plooy, leraar van Durban, amptelik die Margategemeente afgestig van Durban. 'n Kanselbybel met die handtekeninge van sommige van die sowat 90 destydse gemeentelede, asook 'n kort opsomming van die geskiedenis, is tans nog op die kansel. Ds. A. le R. du Plooy het hierdie gemeente, wat uit 5 wyke bestaan het, bedien. Ds. Postma van Pietermaritzburg het die dienste tydens die afstigtingsgeleentheid waargeneem.

Met die oog op 'n kerkbou is 'n erf in Margate deur br. Wandrag – wie se vrou ook die orrelliste was – geskenk. Na 'n aanbod van die NG-kerk in Port Shepstone in 1981, is daar besluit om die erf te verkoop en die prinslike som van R110 000.00 te betaal vir die huidige kerkgebou. Sodanige koop is afgehandel en op 1 September 1981 het ons die eienaars van die kerk geword. Met dankbaarheid moet gemeld word dat bykans die hele land bygedra het tot die aankoop van die kerkgebou deur hul ondersteuning van die pannekoekbak en ander funksies tydens vakansies.

Die kerkgebou is amptelik op Saterdag, 14 November 1981 in gebruik geneem en die hoeksteen is deur ds Petra de Klerk gelê.




Die oorspronklike kerkgebou is in 1953 voltooi en in 1972 vergroot deur 'n galery aan te bring. In 1999 is die kerksaal, kombuis, moederskamer en dameskleedkamer bygevoeg.




GEMEENTEKRONIEK

NAAM VAN GEMEENTE
Gereformeerde Kerk Margate.

BELANGRIKE BESONDERHEDE IN VERBAND MET STIGTING EN GESKIEDENIS VAN GEMEENTE

met groot dankbaarheid teenoor die Here onse God kan die Gereformeerde Kerk Margate van Durban afstig op Sondag 2 Julie 1972. Hierdie gemeente is die derde gemeente wat van Durban afstig. Dit word twee weke voor die 50 jarige bestaansjaar van Durban plaas. Met die stigting van Margate beteken dit die ontstaan van die 11e gemeente in Natal. Die nuwe gemeente Margate stig af in kombinasie met Durban: dit is daarby wat hulle in 'n selfstandige gemeente van ±90 belydende lidmate met Durban kombineer. Die afstigting vind plaas in die stadsaal van Margate aangesien die lidmate plaaslik nog geen kerkgebou of kerksaal het nie.



BELANGRIKE BESONDERHEDE IN VERBAND MET STIGTING EN GESKIEDENIS VAN GEMEENTE (vervolg)

Belydende lidmate met afstigting
Broeders | Susters

## *Uitnodiging na 50 jarige feesvieringe, 02 en 03 Julie 2022*

Dis met groot vreugde en dankbaarheid teenoor God vir sy genade dat ons bogenoemde kan vier op 02 en 03 Julie 2022. Hiermee word alle lidmate, oud-lidmate en ander belangstellendes hartlik uitgenooi om te kom deel in hierdie lofprysing tot eer van ons Here. Almal wat met ons kan kom deel word gevra om **Liana Schutte voor 19 Junie 2022 te kontak by 084 581 3809 of e-pos gksuidkus@gmail.com**.

Die program sal DV soos volg wees:
- 02 Julie Voorbereidingsdiens met tee en verversings daarna
- 03 Julie Nagmaal en 'n ete daarna

Ons versoek alle oud-lidmate om enige staaltjies, herinneringe, foto's ens. vir Liana te stuur na gksuidkus@gmail.com vir plasing in ons Feesbrokkie. Op **Sondag, 03 Julie** gaan ons ook geleentheid gee vir **groeteboodskappe** vir die gemeente.